

**Maandag 31 Julie**

**Skrifgedeelte: Kolossense 2:8-15**

**Fokusgedeelte: Kolossense 2:11, 12; HK Sondag 27, Antwoord 74**

### **Die afwysing van die kinderdoop**

Die kinderdoop wat in gereformeerde kerke as vanselfsprekend aanvaar word, is nie net in die verlede nie, maar word ook tans deur sekere kerklike groepe met felheid verwerp. Volgens hulle moet 'n mens eers geloof hê en die geloof ook bewustelik kan bely om gedoop te word. Daarom mag klein kin-dertjies nie gedoop word nie, want 'n mens weet nie of hulle later sal glo en Christus as hulle Verlosser en Saligmaker sal aanvaar nie. Verder beweer hulle dat volgens die Nuwe Testament net volwassenes gedoop is, soos Kornelius (Hand. 10:2, 47, 48), Lidia (Hand. 16:15), die tronkbewaarder van Filippi en andere (Hand. 2:38; 28:8; 1 Kor. 1:16).

Om met die laaste te begin, vergeet die kritici van die kinderdoop dat die boek Handelingte tot 'n groot mate die kerk op die sending-veld aan ons voorhou. Waar die evangelie aan heidene verkondig word, is dit normaal dat volwassenes eerste tot bekering kom en gedoop word. Dit is hoe dit vandag ook nog gebeur. Dat by sommige van die genoemde voorbeelde uit die Nuwe Testament die kinders ingesluit was, blyk duidelik as van Lidia gesê word dat *sy en haar huisgesin* gedoop is (Hand. 16:15).

Dieselfde geld van die tronkbewaarder (Hand. 16:33). Daar word wel nie gesê dat daar kinders in dié gevalle was nie, maar die woord wat met huis/huisgesin vertaal is (*oikos*), het kinders eerder ingesluit as uitgesluit. 'n Mens dink hier aan die uitspraak van Josua (24:15): “Ek en my huis, ons sal die Here dien” (1953-vertaling).

Verder is daar duidelike historiese getuienis dat die kinderdoop rondom 200 nC algemeen voorgekom het in Klein-Asië, Rome, Noord-Afrika en Palestina. Wat opvallend is, is dat daar geen stryd oor die kinderdoop plaas-gevind het nie.

'n Mens moet ook in gedagte hou dat die doop in die tyd van Jesus se omwandering op aarde geen onbekende saak was nie. Dit was destyds die gebruik dat as 'n gesin uit die heidendom na die Joodse geloof oorgegaan het, die volwassenes en ook die kinders gedoop is met wat destyds as die proselietedoop bekend was. Nêrens in die Bybel word gesê of geïnsinueer dat kinders nie gedoop mag word nie.

Paulus stel dit baie duidelik in Kolossense 2:11-12 dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Wie die kinderdoop verwerp, misken die samehang wat daar volgens Paulus tussen die doop en die besnydenis is. In die lig van hierdie uitspraak van Paulus kan 'n mens sê dat die besnydenis sy godgegewe vervulling in die doop vind (vgl. ook 1 Kor. 7:14).